

TUSSEN LEWE EN DOOD

Briewe uit die Bloemfonteinse "Refugee Kamp", 1901-1902

F A van Jaarsveld en F J Pretorius
Universiteit van Pretoria

INLEIDING

Wat hier aangebied word is 'n aantal briewe, meestal uit die Bloemfonteinse "Refugeekamp", soos die konsentrasiekampe amptelik in 1900 genoem is. Om hulle te kon verstaan moes die persone wat betrokke was geïdentifiseer word. Dit het gelei tot hierdie kort inleiding wat proewe van die rekonstruksie van 'n familiegeskiedenis is, 'n aspek van die moderne geskiedskrywing wat in Suid-Afrika nog erg verwaarloos is. Familiegeskiedenis is nie bloot genealogie nie. Dit is ook nie 'n maklike tipe navorsing nie, want die materiaal berus nie net in argiewe of gemeentelike stukke nie, maar by die families self, wat geduld en inspanning van die historikus verg. Voordat ons geskiedskrywing nie aandag aan die lotgevalle, verwantskap en verspreiding van families gee nie, sal ons geskiedenis bepaald nie geontpolitiseer en mensliker word nie. Dit bring mee dat families persoonlike briewe en portrette, selfs bankstate en rekeninge — die familieargief — nie moet vernietig nie, maar bewaar en vir navorsing beskikbaar stel, soos dit die geval was met die skrywe van hierdie inleiding oor die families Meyburgh en Pretorius.

In 1980 het mnr M J W van Heerden van Elarduspark, Pretoria, my gebel om te kom kyk na 'n aantal briewe wat hy in 'n trommeltjie bewaar het. Hulle is deur mev G M J Pretorius en drie van haar dogters gerig aan mnr J P L Pretorius wat 'n krygsgevangene in Indië was. Die briewe is tussen Sept. 1901 en Mei 1902 vanuit die Bloemfonteinse "Refugee-kamp" geskryf om die band tussen vader, moeder en kinders te bevestig. Deur mnr Van Heerden se burgerlike lojaliteit, eerbied vir die voorgeslag, en sy toestemming word die briewe nou gepubliseer, en die oorspronklikes aan die Oorlogsmuseum te Bloemfontein vir bewaring oorgedra, waar dit tuis behoort. Weinig van hierdie tipe konsentrasiekampbriewe het vir die nageslag bewaar gebly. Daar is waarskynlik baie deur Boerekrygsgevangenes teruggebring maar het familiebesit gebly. Die ervaring het geleer dat nie alle nasate die waarde daarvan besef nie en die meeste briewe het waarskynlik verlore gegaan.

Mej E Krause wat tydelik aan die Departement Geskiedenis, Universiteit van Pretoria verbonde was, het die briewe in 1981 getranskribeer en ek het hulle deur mev H Brink laat tik en met die oorspronklikes vergelyk. Prof F J Pretorius van die Fakulteit Geneeskunde wat 'n amateur-genealoog en 'n entoesias vir die geskiedenis van die Pretoriusgeslag is soos blyk uit sy brosjure, *Die W D Pretoriuswoning, Potchefstroom, 'n motivering vir die restourasie en bewaring van hierdie historiese woning*, opgestel met behulp van die personeel van die Potchefstroomse Museum, het sy samewerking verleen om die skrywers van en die persone wat in die briewe genoem word, te help identifiseer. Hy het briewe aan die familie geskrywe en besoeke gebring, en verdere dokumente en inligting bekom. Die belangrikste inligting wat hy verkry het, het van mev G J M Barnard van Bayswater, Bloemfontein gekom, 'n stiefkleindogter (geb. 1921) van mev G J M Pretorius, skryfster van die meeste briewe, en 'n dogter van haar

oudste stiefseun, Johannes Lodewikus Pretorius.

Mev Barnard is vernoem na haar eie ouma, mev Gesina J M Pretorius, gebore Maree, wat in 1889 oorlede is. Sy is op 14 Aug. 1921 as die jongste dogter van J L Pretorius en M M Combrinck op die plaas Geluk in die distrik Boshof gebore en het op Dealesville in 1939 gematrikuleer. Daarna het sy 'n BA met Onderwysdiploma aan die destydse UKOVS in 1942 verwerf, onderwys gegee en in 1947 met Johannes H Barnard getrou. Uit die huwelik is 'n seun en 'n dogter gebore. Mnr Barnard was skoolhoof op Winburg en toe op Welkom en na aftrede het die gesin hulle op Bloemfontein gevestig waar mev Barnard eers taal- en toe biologieonderwyseres aan 'n hoërskool was, waarvan die laaste was in 1980 aan die Hoërskool J B M Hertzog. Tans beklee sy 'n tydelik-deeltydse pos in die Departement Plantkunde by die UOVS. Mev Barnard wat o a geskiedenis geloop het, het 'n sterk familiesin en historiese belangstelling. Baie van die inligting wat hier verwerk is, is deur haar ywer beskikbaar gestel.

Materiaal oor Gerrit Jacobus Pretorius en sy seun, na wie in 4.6 verwys word, is deur mev Barbara Pretorius, gebore Robarts, beskikbaar gestel, terwyl mev A C Theron van Reddersburg, 'n kind van Mattie Meyburgh, die oudste dogter van mev G Pretorius uit haar eerste huwelik, wat met P George Theron getroud was, oor haar moeder gerapporteer het. Oor mev A C Theron word in afdeling 4.2 gehandel. Sonder die samewerking van genoemde persone sou hierdie stukkie familiegeskiedenis nie moontlik gewees het nie.

Petrus Albertus Daniel Erasmus Meyburgh (1828—1888)

Hoewel P A D E Meyburgh se naam nie in die briewe voorkom nie, moet ter wille van agtergrond, kortliks na hom verwys word. Hy was die eerste eggenoot van mev G J M Pretorius, die hoofbrieffskryfster, en die vader van Mattie Myburgh, wat ook aan haar stiefvader, J P L Pretorius, geskryf het. P A D E Meyburgh is op 19 Julie 1828 gebore en op 16 Mei 1888 in Bloemfontein oorlede. Na die dood van sy eerste vrou wat kinderloos was (ons kon haar identiteit nie opspoor nie), is hy op 21 Augustus 1871 met mej Gezina Maria Johanna du Plessis getroud, wat sy tweede vrou geword het. Sy was die derde dogter van Gert J du Plessis, die eerste Volksraadslid van Boshof. Hy was 'n gelowige man en diaken-kassier van die NG-gemeente van Boshof tydens die konsulentenskap van ds G van de Wall, later van die Paarl-gemeente. P A D E Meyburgh, eienaar van die plaas Klippan, het sy skoonvader as lid van die Vrystaatse Volksraad wyk Middenveld, distrik Boshof, in 1871 opgevolg, en hy het dit tot met sy dood in 1888 gebly.

Van "Oom Petrus", soos hy in die omgang bekend was, se vroeë lewensjare weet ons weinig, behalwe dat hy uit die Hantam geboortig is, en in 1848—49 in die distrik Albert gewoon het, vanwaaruit hy in genoemde jaar as 21-jarige jongman na die Oranjerivier-Soewereiniteit gemigreer het. Hy het op kommando onder maj. Warden teen die Basoeto's gegaan, teen Scheel Kobus en Gasibone geveg en in drie oorloë teen die Basoeto's militêre diens vir sy staat verrig. Die plattelandse publiek het 'n vriend en raadgewer in hom gehad. Hoewel ongeleerd het hy 'n helder kop gehad en as wyse man praktiese kennis opgedoen. Hy was 'n indrukwekkende en vlot spreker. As openbare figuur het hy die belange van die Vrystaat onbaatsugtig gedien. Vir jare lank het hy 'n spoorweg vir sy land geopponeer, maar as mens met onbevooroordeelde gemoed en vatbaar vir oortuiging, het hy tot ander insigte gekom en bepleiter daarvan geword. Hy het sowel die vertroue van die Volksraad as president Brand geniet en was 'n man met uitstekende gawes van verstand en hart wat vertroue ingeboesem het.

Raadslid Meyburgh was 'n aktiewe man wat baie kommissiewerk vir die Raad verrig het. Sy vrou en kinders het tydens die Raadsittings op hul plaas, Klippan naby Dealesville, agtergebly om die boerdery te behartig. Hy het gereeld aan hulle geskrywe, en van dié briewe het bewaar gebly. Op 20 Mei 1885 vertel hy hulle hoe baie en swaar die werk van die Volksraad is en kla hy oor 'n borskwaal wat nie wou ophou nie. Hy het nie 'n sterk gestel gehad nie en aan gesondheidsprobleme gely.

Op 18 Mei 1887 skryf hy dat hy deur die Raad verkies is om saam met H Klijnveld en J G Fraser "op een zware en lang wenterreys" na Pretoria te gaan "om te gaan aarbeijden tot heyl van land en volk". Hy het drie dae lank gebed dat die Heer hóm tog nie moet laat gaan nie, maar toe hy met 'n groot meerderheid deur die Raad as deputant verkies is, was daar vir hom geen ander uitweg nie: "Gods wel is dat ik moet gaan ... om die belangen van beide staten te bespreken en een tolvorbont op te maken en die belangen van die toekoms van Zuid Afrika" te dien. Die konferensie met pres. Kruger oor spoorweë, 'n tolvorbond en nouere vereniging tussen die OVS en ZAR het misluk. Oom Petrus wou die onafhanklikheid van sy land behou en was dus teen nouere vereniging gekant. In Januarie 1888 is Oom Petrus Meyburgh, J G Fraser en A Fisher weer as 'n Vrystaatse deputasie na Kaapstad afgevaardig om met die Kaapkolonie oor 'n tolvorbond en spoorwegaansluiting te onderhandel. Dié keer was hulle suksesvol en het daarin geslaag om 'n deel van die Kaapse invoerrege vir hul staat te bekom.

Uit Kaapstad skryf hy op 27 Februarie 1888 aan sy vrou en dogters, Kotie en Mattie, en vertel hulle van die wondere van die stad met sy eikebome wat so 'n diep indruk op hom gemaak het. Ook besoek hy in die Paarl sy vorige leraar, ds G van de Wall, maar dié was nie tuis nie. Op 5 April 1888 het die Vrystaatse goewermentsekretaris hom per brief (nr. 170) bedank vir die goeie werk wat die Deputasie in Kaapstad verrig het, waardeur hulle die belange van die Vrystaat en sy toekomstige hulpbronne-ontwikkeling onbaatsugtig gedien en bevorder het. Dit was 'n groot opoffering vir 'n boer om telkens van sy plaas af te wees, maar vir P A D E Meyburgh, 'n groot patriot en Christenmens, was in die belang van land en volk, niks te moeilik nie. Hy was 'n gerespekteerde Raadslid wat sy woord goed kon doen. Sy naam verskyn telkens in die Vrystaatse Volksraadnotule. Ook was hy lid van die staat se Begrotingskommissie. Hy is werd om as Vrystaatse landsvader altyd deur Boshof onthou te word.

Uit sy briewe, meestal uit die "Raadzaal" aan sy vrou en kinders geskrywe, straal sy verlange na hulle en na sy plaas, en is hy verskonend dat hy telkens so lank van hulle moes weg wees, maar het hy geglo, God het dit so beskik dat hy die belange van land en volk op daardie wyse moes dien. Telkens blyk sy diep gelowigheid en godsdienssin uit sy skrywes. Op 26 Maart 1888 het ds G van de Wall uit die Paarl aan hom as "vriend en broeder" geskryf, en sy spyt uitgespreek dat hy nie tuis was in die Paarl, toe raadslid Meyburgh hom daar besoek het nie. Hy het hom herinner aan die "godsdiens-oefeninge" wat hy op sy plaas, Klippan, gehou het. Hy het hom ook daaraan herinner hoe hulle "op een jagtparty uitgingen en een wagen vol springbokken, quagga's, widebeesten en blesbokken naar huis bragten — toen gy my eene prachtige pyp maaktet uit een ouden lepel". Sy oud predikant wie hy as diaken in Bloemfontein gedien het, het hom vermaan om by al sy politieke werksaamhede sy onsterflike siel tog nie te vergeet nie: "Laat ons bedenken, dat de dood ieder uur wenkt ... Of ik u hier wederzie of niet, laat my U toch niet missen in die groote schaar die voor den troon des Lams zal staan. Broeder, Myburgh, laat my U daar toch zeker ontmoeten — door genade."

Maar P A D E Meyburgh, die boer, volksman, politikus en kinderlik gelowige, het sy predikant vooruitgegaan. Sy gestel is in diens van land en volk afgetakel. Twee

maande later, op 16 Mei 1888, is hy tydens die Volksraadsitting onverwags aan ruggraatonsteking oorlede. Landdros de Beer van Bloemfontein het skriftelik op dieselfde dag sy simpatie aan mev Meyburgh betuig en haar meegedeel dat die Staat die mediese- en begrafniskoste van haar man sou dek. Hy is in Bloemfontein ter aarde bestel, maar later op sy plaas Klippan herbegrawe. President Brand het sy dood persoonlik betreur en sy bydrae as Volksraadslid geprys. 'Op 7 Julie 1888 het mev Meyburgh ds G van de Wall in kennis gestel van die dood van haar man, waarop hy op 5 Augustus uit die Paarl aan haar geskryf het om te troos. Daarin noem hy haar man sy "geliefden vriend" wat hy as diaken in sy gemeente in Bloemfontein goed leer ken het. As hy na Boshof moes gaan waar hy meer as eenmaal "kerk gehou het", was Petrus Meyburgh se huis op Klippan vir hom 'n oornagplek. Hy beskryf die LV Meyburgh, as "een hartelyke, hulpvaardige Vriend", wat "een zorgzaam, liefhebbend echtgenoot" was. Die Dominee vertel dat hy mev Meyburgh se vader Gert du Plessis, ook goed geken het en dat hy tydens sy konsulentskap van Boshof as diaken-kassier opgetree het.

P A D E Meyburgh het vier dogters by Gezina Maria Johanna du Plessis gehad, nl Jacoba Margaretha wat met Carl van Aswegen getroud was; die tweede was Martha Elsje Aletta (Mattie) wat in 1906 met Petrus George Theron van Winburg getroud is; die derde was Petronella Albertina (Nellie) wat met W A van Wyk getroud is. Die jongste was Gertruida Jacoba (Gerty) wat op 14-jarige ouderdom in 1901 tydens die oorlog by haar suster Jacoba op die plaas Geluk aan maagkoors dood is. Mev G M J Meyburgh het uit 'n gesiene familie gekom en in 'n gesiene familie ingetrou. Sy het dus 'n agtergrond wat haar bo baie van haar tydgenote laat uitstyg. Maar in die Bloemfonteinse konsentrasiekamp was sy maar een van die klein, anonieme vrouens wat daarin opgeneem is.

2 Johannes Petrus Lodewickus Pretorius, 1842—1907

J P L Pretorius aan wie die briewe uit die Bloemfonteinse "Refugeekamp" gerig is, is op 24 Aug 1842 op die familieplaas, Zeekoekraal in Boven Rivier Zonder-End, 'n wyk van die gemeente Caledon, gebore (vandag Villiersdorp). Hy is op 26 Sept 1844 daar gedoop. Hy was die eerste kind uit die tweede huwelik van Johannes Petrus Lodewicus Pretorius met Maria Helena Susanna Steyn van Swellendam. Hy het sy vader se doopname gekry maar ook dié se aangenome naam, "Lodewicus", wat sy vader vermoedelik van sy pleegouer en oom, Jan Lodewicus Pretorius, gekry het. J P L Pretorius se ouers het vermoedelik in 1856 van Zeekoekraal na Robertson getrek waar hulle op Rustfontein geboer het. Op 25 Mei 1856 het hulle lidmate van die NG-gemeente daar geword. J P L Pretorius is op 26 Sept 1860 deur ds McGregor in Robertson aangeneem. In 1864 trek die familie na Calvinia. J P L Pretorius se ouer halfbroer, Wessel Francois Pretorius het vermoedelik op Robertson agtergebly. Die verdere lotgevalle van die gesin is onbekend.

Op 29 Nov 1875 is J P L Pretorius, 'n agterkleinneef van die Transvaalse staatspresident, M W Pretorius, met Gezina Johanna Maree (5.2.1853—18.8.1889) van Caledon getroud. Hy het na die Vrystaat en Transvaal toggerig nadat sy broer wat op Robertson agtergebly het hierdie beroep beoefen, en die noordelike wêreld daardeur verken het. Op 26 Jan 1879 bevind J P L Pretorius en sy vrou hulle op Boshof in die Oranje-Vrystaat, waar 'n tweede kind, Servaas Daniël wat op 29 Des 1878 gebore is, laat doop is. Die eerste, Johannes Lodewicus, is waarskynlik op die trekpad gebore. J P L Pretorius het op Rustfontein in die Boshofse distrik geboer, 'n plaas wat hy aanvanklik gehuur en later gekoop het. Sy swaer was Servaas Daniël Maree van Da-

nielskuil, distrik Boshof. Op 4 Aug 1889 is die laaste kind uit die eerste huwelik gebore, nl Willem Daniel. Op 8 Aug 1889 het die egpaar hulle gesamentlike testament onderteken en op 16 Augustus, 'n week later, is sy vrou as gevolg van komplikasies wat na die geboorte ingetree het, oorlede (Boedel M543, Meesterskantoor, Bloemfontein). Daar was agt kinders uit J P L Pretorius se eerste huwelik, waarvan ses groot geword het, nl vier seuns en twee dogters. Die oudste kind was Johannes Lodewicus (6.11.1876—30.8.1942), die tweede, Servaas Daniel (29.12.1878—5.9.1893), die derde Wessel Francois (geb 1.3.1880), die vierde 'n dogter, maria Wilhelmina (geb 1.1.1882), die vyfde Helena Maria (9.5.1883—1.5.1963), die sesde Petrus Johannes (22.1.1885—23.8.1885), die sewende Jacobus Johannes (geb 20.7.1886) en die jongste Willem Daniel (geb 4.8.1889).

Sewe maande later, op 3 Maart 1890, is die wewenaar J P L Pretorius met die weduwee Gezina Maria Johanna Meyburgh (geb. du Plessis) getroud. Sy seun, Johannes Lodewicus (Jan), het op die plaas Rustfontein agtergebly terwyl hy by sy tweede vrou op Klippan, naby die huidige Dealesville, gaan boer het. Hy het die vier Meyburghdogters, Jacoba (Kotie), Martha (Mattie), Petronella (Nellie) en Gertruida (Gerty) onder sy sorg geneem. Uit die tweede huwelik is vier kinders gebore, nl 'n seun, Gerrit Jacobus (28.12.1890—12.3.1946), Charl Francois (2.3.1892—4.6.1964), Petrus Gerhardus, wat na ses maande op 30.8.1894 oorlede is en Hephzibah Gezina (Hephie) wat op 21 Aug 1901 in die Bloemfonteinse konsentrasiekamp gebore en op 6 Jan 1979 oorlede is.

Besonderhede oor die lewe van J P L Pretorius en sy vrou Gezina voor 1899 is skaars. Ons weet egter dat hy en sy twee oudste seuns, Jan en Wessel opgekommandeer is toe die Anglo-Boere-oorlog op 11 Okt 1899 uitbreek het. Sy seuns het tot die bittereinde geveg, maar op 31 Mei 1900 het J P L Pretorius ná lord Roberts se anneksasieproklamasie wat die Vrystaat vanaf 21 Mei 1900 tot 'n Britse kolonie verklaar het, die wapen neergelê en as oud-Kapenaar die eed van neutraliteit onderteken. Op 31 Mei 1900 is 'n permit op Bultfontein deur kapt G H Grant uitgereik: "Mr J L Pretorius of Klippan has handed in 2 W.R. & a combined ball & shot gun, & is permitted to remain on his farm. Should he enter Boshof or Bultfontein, he should report himself at the Landdrost's office. He has taken the oath of neutrality." Op die keersy staan: "Permitted to retain a .45 revolver & an old broken ML shot gun. Issued at Sterkfontein. JHG." Hierdie plaas grens aan Baden-Baden, 'n deel van die plaas Klippan.

Ná die anneksasie van die Oranje-Vrystaat het die oorlog voortgegaan. Volgens tradisie het iemand J P L Pretorius wat op Klippan verblyf gehou het, by die Britse militêre owerheid aangegee. Volgens die amptelike lysie in die argief is hy op 9 Augustus 1901 op sy plaas Klippan gevange geneem op klag dat hy inligting, voedsel en perde aan die Boeremagte verstrek en voorsien het. Op 21 Augustus, op die dag van sy dogtertjie se geboorte nadat sy vrou vier dae te vore in die Bloemfonteinse Refugeekamp beland het, het hy in 'n krygsgevangenekamp by Ladysmith as prisoner nr. 22203 beland, en is hy later na Bombaai in Indië gestuur.

Van J P L Pretorius se lewe in die Ahmednagar-Boerekrygsgevangenekamp weet ons min behalwe vir 'n gebeurtenis wat hier ter wille van die rekord in verband met Gelofte-dag aangeteken moet word. 'n Aantal oorlogspredikante het geglo dat die Here die oorlog oor hulle gebring het omdat die volk Dingaansdag sou verwaarloos het. Voor in die Bybel van J P L Pretorius wat in die besit is van Helena Maria Bergenthuin (gebore Meintjies, sy kleindogter) kom 'n "belydenis" en 'n "verbond" voor wat deur J P L Pretorius op 17 Des 1901 saam met ses ander krygsgevangenes onderteken is, nl J J Marais, 'n ouderling van Brandfort, OVS, P de Wit, 'n ouderling van Lindley, OVS, D C Uys, 'n ouderling van Bethal, ZAR, C Schutte, 'n ouderling van Piet Retief,

ZAR, C du Plessis, 'n diaken van Petrusburg, OVS en S Nel, 'n diaken van Bloemhof, ZAR. Dit lui: "Wij belijden voor den Heer onze zonde dat wij Dingaansdag of zoo zeer verwaarloos hebben of hem niet hebben gevierd als een Sabbath volgens de gelofte door de Vadersen gedaan, en doen hem heden de plechtige belofte dat wij met zijne hulp met onze huisgezinnen van nu af deze 16de dag van December altoos als een Sabbath tot zijn eer zullen vieren, en dat als Hij ons het leven spaar en ons en ons volk de verlangende verlossing geeft, wij hem zullen dienen zoolang wij leven". "Bovenstaande belofte", so teken J P L Pretorius in sy Bybel aan, "word door mij afgelegd in Hut No 7 tijdens mij Ballingschap in Fort Ahmednagar, Indië, op den 16de December 1901, dit geschiedde na eene maand van voorbereiding, eene week van voorootmoediging en gebed, en na dat de leraar en mede krijgsevangene, Ds P J Viljoen van Reitz OVS, een ieder die zich niet bereid gevoelde, de gelegenheid gaf, heen te gaan, en die achtergebleven waren gewaarschuwde, dat wij zelve deze Hut, de Muren des Forts, alle tegenwoordige Engelen, en bovenal de Drieeenige God tegen ons zullen getuigen indien wij dit verbond ontrouw worden. Behalve een zeer groot getal, die staande en met diepen ernst, het verbond sloot, waren ook tegenwoordig de broeders Kerkraadsleden en medekrijgsgevangenen."

Een van J P L Pretorius se briewe uit Fort Ahmednagar aan sy vrou het bewaar gebly en die briewe wat hy van haar, Mattie Meyburgh, Maria en Ellen, sy dogters ontvang het, is deur hom teruggebring. J P L Pretorius was om begryplike redes baie verbitter teen die Engelse en het geweier om die eed van getrouheid aan koning Eduard VII (die "rooi-eed") af te lê en te onderteken, wat verstaanbaar is in die lig van sy neutraliteitseed in 1900, en sy gevangening daarna op 'n klag waarvan ons die waarheid nie kan bewys nie. Verlange na sy land en gesin het hom egter tot ander insigte gebring, maar hy was een van die laastes wat uit Bombaai teruggekeer het. Die datum van terugkeer is onseker, maar dit was vermoedelik teen die middel van 1903, want op 23 Julie 1903 is 'n rekening van £6 van G H MacKay, "Government Relief Department ORC", Boshof, aan J P L Pretorius na Klippan gestuur, 'n bedrag wat hy aan die Repatriasie-departement moes terugbetaal nadat hy kompensasie vir oorlogsverliese ontvang het.

In 1903 het hy sy plaas Rustfontein verkoop om Klippan en die familie op die been te help bring. Dit was nie vir J P L Pretorius beskore om oud te word nie. Op 20 Julie 1907 het hy en sy vrou Sinie hulle testament laat opstel. Aan haar is bemaak 'n wa en tien osse met trekgoed, 'n groot rewera, twee perde met tuig, twee koeie met kalwers, 50 mofooie met lammers en 50 hamels, twee beddens "met katels", kombuisgereedskap, ses stoele en 'n tafel. Die res van die gesamentlike boedel, roerende en onroerende goedere, het na die kinders uit die twee huwelike gegaan. Op 8 Aug 1907 is J P L Pretorius oorlede en op Klippan begrawe. Hy was lid van die kerkraad van Dealesville. Van hom is getuig dat hy 'n "kerkvaste en gelowige" Afrikaner was wat sy volk en kerk getrou gedien het.

3 Gezina Maria Johanna Pretorius (1856—1942)

Mev G M J Pretorius (tant Sinie) die hoofskryfster van die konsentrasiekampbriewe, is op 11 Nov 1856 in Boshof gebore as die derde dogter van G J du Plessis, die eerste volksraadslid van Boshof. Op 15-jarige leeftyd is sy op 21 Aug 1871 met die wewenaar P A D E Meyburgh, sy skoonvader se opvolger as lid van die Volksraad, getroud. Hy was toe 43 jaar oud. Soos gesê is hierdie bekende openbare figuur en Volksraadslid na 'n gelukkige huwelik van 17 jaar op 16 Mei 1888 oorlede, en het sy vrou en vier dogters nagelaat. Die weduwee Meyburgh is op 3 Maart 1890 met die wewenaar J P L

Pretorius getroud, en het toe elf kinders gehad om te versorg. Uit die tweede huwelik, so weet ons reeds, is vier kinders gebore, drie seuns en 'n dogter waarvan drie groot geword het. Toe die Anglo-Boereoorlog uitbreek het Gezina Pretorius die boerdery op Klippan aan die gang gehou. Ná die wapenaflegging van haar tweede man was hy terug by haar, maar hy is soos gesien, op 9 Augustus 1901 gevang en na Ladysmith in Natal gestuur en later na Indië. Wat die verdere lotgevalle van die gesin was, weet ons nie. Die tradisie wil dat mev Pretorius met haar kinders (die twee oudste seuns Jan en Wessel was op kommando) vir 'n rukkie rondgevlug het. Op 17 Augustus 1901 het sy en haar gesin in die Bloemfonteinse "Refugee-kamp" beland, waar sy op 21 Augustus geboorte aan 'n laatlammetjie, Hephzibah Gezina gegee het, die dogter wat sy eers "Baka", d i "Geween" wou laat doop. Sy is toe Hephie genoem.

Die Bloemfonteinse vrouekamp is volgens kol dr Jan Ploeger, die staatshistorikus wat oor die burgerlike kant van die Anglo-Boereoorlog navors en skryf, in Augustus 1900 aangelê. Die benaming "Refugee Camps" soos dit tydens tydgenootlik bekend gestaan het, dui op die wapenafleggers en hulle gesinne as kampbewoners, maar dit het gou misplaas en onhoudbaar geword omdat reeds geruime tyd vóór Desember 1900, daklose afhanklikes van veggende burgers ook na die buigerlike kampe gestuur is — die gevolg van die vroeë stadium van 'n plaasverwoestingsbeleid. In Augustus 1901 toe mev Pretorius en haar afhanklike kinders in die Bloemfonteinse kamp beland het, het sy daar 859 mans, 1 857 vrouens en 3 870 kinders aangetref, 'n totale kampbevolking van 6 586, en in April 1902 was dit 5 654. In Augustus 1901 was die sterftesyfer 96 (waarvan 40 in die hospitaal), in Oktober 204 in November 1 781 en in Januarie 1902 126 — altesaam is 1 263 kinders onder 15 jaar en 432 bo 15 jaar in die Bloemfonteinse konsentrasiekamp oorlede, 'n totaal van 1 695. Maria Pretorius het as verpleegster in die hospitaal gehelp terwyl Mattie Meyburgh as onderwyseres in die kamp gaan diens doen het. Predikante wat die kamp inwonend bedien het, was ds H de Wet, ds Daneel en ds Louw, terwyl ds W Robertson ook behulpsaam was.

Eintlik was daar twee kampe in Bloemfontein: die oorspronklike "Refugee"-kamp vir wapenafleggers en 'n latere, nuwe kamp wat op 12 Mei 1901 geopen is. Die rede vir 'n tweede kamp was dat die bevolking te groot vir die bestaande een geword het. Die nuwe was oos van die ou kamp geleë. Dit is waarskynlik in dié kamp waarin mev G Pretorius en haar gesin in tente geplaas is. Op 7 Junie 1901 was die rantsoene per persoon per dag vir kinders en volwassenes dieselfde nl, 'n half pond vars vleis, 'n drie kwart pond meel, 1 ons koffie, 2 onse suiker, 1 ons sout, en een keer per week 2 pond aartappels in plaas van meel. In die nuwe kamp is water uit twee putte gehaal, uit een van hulle met 'n handpomp wat 600 gallon per uur verskaf het.

Mev Pretorius meld dat sy elke week aan haar man geskryf het, maar sy moes later verneem dat slegs twee briewe per maand per gesin toegelaat is. Op 14 Februarie 1902 was sy verbaas dat haar man haar vier antwoorde op sy vier briewe nooit ontvang het nie. Die briewe wat hom bereik het, het almal deur die hande van die sensor gegaan soos uit die nagelate koeverte blyk. Of daarvan vernietig is, weet ons nie. Geen bitterheid of klagtes teen die owerheid kom uit die briewe voor nie. 'n Mens kan vra of die sensor van die briewe teruggehou en vernietig het, wat moontlik is. Uit die briewe straal persoonlike leed, 'n diepe godsdienstige gesindheid en 'n rotsvaste geloof in God, maar hulle getuig ook van gesindhede en kampervaringe wat tussen September 1901 en Mei 1902 oor lewe en dood opgeteken is, vandaar die opskrif van hierdie artikel. Teen die einde van die kampelewe is mev Pretorius deur 'n voertuig raakgery en beseer.

Presies wanneer sy en haar gesin — Maria, Mattie, Jacobus, Willem, Gerrit, Charl, en Hephzibah — die kamp verlaat het, weet ons nie. Haar man, J P L Pretorius, het eers in 1903 na Klippan teruggekeer, waar hy in 1907 oorlede en be-

grawe is. Mev Pretorius is nooit weer getroud nie. Van 1927 tot 1942 het sy by haar jongste dogter, die kampkind, Hephzibah wat 'n onderwyseres geword en op Dealesville skoolgehou het, ingewoon. Dié is in 1949 met A B Krause getroud. In Desember 1938, op 82-jarige leeftyd, tydens die simboliese ossewa-trek, het die eer "Ouma Sinie Pretorius", soos sy toe bekend gestaan het, te beurt geval om in 'n outydse koets na die stadsaal van Boshof te ry, waar sy namens die inwoners van die dorp 'n huldigsalbum aan genl Hertzog oorhandig het.

Op 11 Desember 1942 is mev Gezina Pretorius in die ouderdom van 86 jaar oorlede en op Klippan by haar vroeg afgestorwe eggenotes uit die eerste en tweede huwelik ter ruste gelê. In 'n koerantverslag uit Dealesville het 'n "korrespondent" getuig: "Ouma Pretorius het haar volk en land liefgehad soos sy haar kroos bemin het". Die laaste woorde van hierdie gelowige vrou was: "Lewe by Christus". Ds F M Smit het die begrafnisrede gehou en o a gesê: "Sy was 'n goeie mens omdat sy 'n bid-dende moeder, 'n vermanende moeder en 'n volksmoeder was". Ds J P van der Spuy, die moderator van die Ned Geref Kerk wat in 1896 'n onderwyser op Klippan by die Pretoriusse was, het 'n telegram gestuur: "Innige simpatie; hulde aan 'n waardige dierbare volksmoeder". Haar kleinseuns, dr J L Pretorius en P en M Theron, mnr George Theron, 'n skoonseun, en G J en C F Pretorius was draers na die graf en mnr Mar-thinus Nel koster.

4 Ouma G Pretorius se kinders

Dit gaan hier veral om die kinders wat óf briewe uit die konsentrasiekamp geskryf het óf wat in die briewe genoem word.

4.1 **Jacoba Margaretha (Kotie)** van brief nr 1. Sy was die oudste Meyburghdogter wat voor die Anglo-Boereoorlog al met Carl van Aswegen, 'n wewenaar met seuns uit sy eerste huwelik, getroud was en woonagtig op die plaas Geluk, naby Houtenbeckstasie, Brandfort, toe nog deel van die Winburgse distrik. Hulle het vier dogters gehad, waarvan die oudste Dollie heet het. Gerty (Gertruida Jacoba) na wie sy ver-wys, was haar jongste suster. Dié is op 14-jarige ouderdom in die oorlog by Jacoba op die plaas aan maagkoors oorlede.

4.2 **Martha Elsje Aletta (Mattie)**, 24.3.1881 – 20.12.1969, die tweede oudste Meyburghdogter en skryfster van enkele briewe aan haar stiefpa, J P L Pretorius, is voor die oorlog aan die Ou Dames Instituut op Bloemfontein as onderwyseres opgelei. Sy het in die kamp skoolgehou en kon goed skrywe. Na die verlating van die kamp het sy haar in Bloemfontein bevind waar sy waarskynlik met onderwys voortgegaan het. Op 12 November 1902 vra haar tante, mev A Groenewald, haar wanneer sy dan vir hulle op Lynfontein by Dealesville kom skoolhou, want "mij hart is zoo zeer als ik aan de toestand dink waarin ik is, en de ongeleerdheid van mijn kinders". In 1905 het Mattie haar vir 'n jaar lank aan die Hugenote-Seminarium in die Paarl gaan bekwaam in o a musiek, waarna sy graag in Transvaal wou gaan onderwys gee het. Mattie het gereeld aan haar ma, mev G Pretorius, geskryf. Op 9 Desember 1905 vertel sy dat sy in die Hoogste Taalbondeksamen geslaag het, maar nog praktiese eksamens in musiek moes aflê. Op 6 Junie 1906 het Mattie haar op Brandfort bevind waar sy onderwys gegee het. Sy skryf op dié datum dat sy bly was oor die klavier wat by die skool afgelewer is, en dat sy baie aanvraag vir private klavierlesse gehad het.

Mattie Meyburgh is op 19 Maart 1907 met Petrus George Theron (2.12.1878 – 19.1.1951), 'n boer van Winburg getroud, en het skoolhou opgegee. Op

12 Maart 1908 skryf sy en George vanaf Leeuwfontein, dat hulle mielies al hard is, en wou weet of haar halfbroer, Gerrie, nie vir hulle kon kom help boer nie. Doornpoort, geleë anderkant Brandfort en noord van Verkeerdevelei, was die woonplaas van Mattie en George Theron. Laasgenoemde was 'n afstammeling van die Hugenote. Sy oupa, Thomas Francois Theron, was 'n Voortrekker wat volgens oorlewering saam met Piet Retief uit die Kaapkolonie getrek het. Hy het hom op die plaas Leeuwfontein in die distrik Theunissen gevestig, 'n familieplaas wat vandag nog aan die Theronfamilie behoort. Pieter George Theron, Mattie Meyburgh se man wat gedurende die Anglo-Boereoorlog as krygsgevangene in Groenpunt beland het, was 'n vooruitstrewende boer. Op Doornpoort het hy met geregistreerde Afrikanerbeeste, merinos en perde geboer. Van 1923 tot sy dood in 1951 was hy voorsitter van die Afrikanerbeestelersgenootskap. Ook het hy jarelank op die bestuur van die VP gedien. Sy vrou Mattie het soos haar vader, P A D E Meyburgh, in landsake belang gestel en was op 'n stadium lid van die Uniale Hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Party. Vir hulle was die jare van samesmelting (1934–1939) van die gelukkigste jare wat Suid-Afrika beleef het. Mattie en George Theron het vier kinders gehad, twee seuns en twee dogters, waarvan meg A C Theron wat ons van inligting voorsien het, die jongste is. Sy is getroud met P J G Theron en het ses kinders. Hulle boer nog in die Reddersburgdistrik met afrikanerbeeste en merinoskape.

Mev Mattie Theron se suster, Nellie, was met Willem A van Wyk getroud en het op die plaas Baden-Baden by Dealesville geboer, totdat hulle hul op Misgunsfontein in die distrik Theunissen gaan vestig het. Sy is aan die griep van 1918 oorlede en daar begrawe.

4.3 Maria Wilhelmina Pretorius (geb 1882), die vierde kind uit J P L Pretorius se eerste huwelik, wat verpleging in die Kamphospitaal gedoen het, was ook een van die briëfskryfsters aan haar Pa. Op 19 April 1904 is sy met Wessel van Straaten van die plaas Popolis, distrik Winburg, getroud. Ook sy was gereeld met haar stiefma per brief in verbinding. Op 14 Mei 1906 laat sy byvoorbeeld weet dat daar 'n biduur by haar huis was, en dié was "propvol". Sy vertel o a hoe sy gesukkel het om lastige hoenderluise wat hulle intrek in haar huis geneem het, betyds voor die biduur uit te kry.

4.4 Helena Maria Pretorius (Ellen), gebore op 9 Mei 1883 en op 1 Mei 1963 in Pretoria oorlede, was 16 jaar oud toe die oorlog uitbreek het. Sy was die vyfde kind van J P L Pretorius uit sy eerste huwelik en was met Barend Christiaan Meintjes getroud wat op die plaas "Commissionerflat" in die distrik Marquard geboer het.

4.5 Johannes Lodewicus (1876–1942) wat as Jan bekend gestaan het, was die oudste Pretoriusseun wat in 1899 as 23-jarige tot die bittereinde deur die Anglo-Boereoorlog heen geveg het. Na hom en sy broer, *Wessel Francois*, ook 'n bittereinder, word in die briewe ter wille van veiligheidsredes as J en W (Jan en Wessel) verwys. Na sy Pa se dood in 1907 het ouboet Jan, sy broers en susters vaderlik van goeie raad bedien. Hy is op 16 Mei 1911 met Martha Margaretha Combrinck getroud en het op die plaas Geluk naby Klippan (nie te verwar met Jacobus van Aswegen se Geluk nie) in die distrik Boshof geboer. Hy was die vader van mev G J M Barnard van Bayswater, Bloemfontein, wat ons met die verskaffing van inligting oor die Pretoriusfamilie gehelp het. "Oom Jan" wat vir sy geslag goed ontwikkel was en 'n pragtige sangstem gehad het, het die Ned Geref Kerk as ouderling gedien, eers op Dealesville en toe op Soutpan, en hom vir die opvoeding van die jeug beywer. Daarby was hy 'n warme ondersteuner van genl Hertzog se V P-regering. Hy is op 30 Augustus 1942 in die

ouderdom van 66 jaar in Bloemfontein oorlede en op Klippan, in die familiekerkhof begrawe. Sy vyf broers en 'n swaer, M Combrinck, was draers op die begrafnis wat deur 200 mense bygewoon is, terwyl ses van sy ou bittereinderstrydmakkers as rou-draers opgetree het, nl C Cronjé, N Minnaar, L Holtzhausen, F Slabbert, A Combrinck en P Schoeman. Ds Maree van Soutpan het gepreek en ds F Smit van Dealesville het die begrafnis, met waarderende woorde oor hom, gelei.

4.6 Gerrit Jacobus Pretorius (1890–1946), “Gerrie” genoem, was die oudste seun uit die tweede huwelik van J P L Pretorius met die weduwee Meyburgh, en elf jaar oud toe hy in 1901 saam met sy ma en sy broertjie, *Charl Francois* (wat 'n onderwyser geword het, sedert 1919 as vrygestel op Klippan, die oudste skool van Dealesville in 1893 opgerig, skoolgehou en op 4 Junie 1964 daar dood en begrawe is), in die Bloemfonteinse konsentrasiekamp opgeneem is. Na die oorlog het Gerrie op Klippan gaan boer en die plaas opgebou. In 1914 is hy met mej S Haarhoff van Maclear getroud. “Oom Gerrie” soos hy in sy latere lewe bekend was, was soos sy oudste halfbroer, ook 'n kampvegter vir opvoeding- en onderwys sake. Hy was 20 jaar lank voorsitter van die Klippanse skoolkommissie, 16 jaar lank voorsitter van die Dealesville Landbou-unie, en 11 jaar lank Spesiale Vrederegter en offisier van die Vrystaatse skietvereniging. Ook was hy 'n oortuigde volgeling van genl Hertzog en het hom in die samesmelting van 1934 gevolg. Hy het Smuts se oorlogsbeleid ondersteun en was voorsitter van die Verenigde Partytak van Dealesville, voorsitter van die Afdelingsbestuur van Boshof en lid van die Provinsiale Hoof- en Sentrale Hoofbestuur van die V P. Oom Gerrie Pretorius is op 12 Maart 1946 op Klippan oorlede en daar begrawe. Sy seun, dr *Johannes Luther Pretorius* (gebore in 1914), 'n mediese praktisyn, het kaptein in die Weermag geword en sy plig vir land en volk in die Noorde gedoen. Na die oorlog was hy geneesheer in Brandfort. Hy is met mej Barbara Robarts, die dogter van 'n Natalse suikerboer getroud. Uit die huwelik is drie seuns gebore. Dr Pretorius, in die omgang in Natal as “dr Pete” maar in die Vrystaat as “Dons” bekend, was 'n vurige ondersteuner van die V P in die Vrystaat. Hy het egter sy mediese praktyk te Brandfort opgegee, en in 1950 self suikerboer op sy eie plaas, Marsabit, te Empangeni in Natal geword. Dr Pretorius het 'n belangrike rol in die Natalse V P gespeel, o a as Afdelingsvoorsitter van die kiesafdeling Zoeloeland. In 1960 is hy tot V P-Senator gekies. Met sy vroeë dood op 26 April 1965, toe hy 51 was, het mnr Cyril Renton, die provinsiale sekretaris van die Natalse V P in die *Daily News* van 27 April 1965 geskryf: “Senator Pretorius, affectionately known as “Dr Piet” and his wife, Barbara, occupied a special place in the U.P. in Natal”. Sy dood het 'n gaping gelaat want, so skryf Renton: “He was a true South African in everything he did”.

4.7 Hephzibah Gezina (21.8.1901–6.1.1979). Hierdie kampbaba het aan die Normaal- en Politegniese kollege in Bloemfontein gestudeer en in 1921 'n derdeklas professionele onderwyskursus geslaag. Sy het 'n onderwyseres op Dealesville geword en was “alombekend en bemind” as “Juffrou Hephie”. In 1949 is sy met A B Krause, 'n wewenaar met drie seuns getroud. Sy het haar ma, mev G Pretorius, vir 15 jaar lank, tot met dié se dood in 1942 versorg. Mev Krause het geen kinders van haar eie gehad nie en mnr M J W van Heerden grootgemaak, wat die Konsentrasiekampbriewe vir publikasie beskikbaar gestel het. Sy het 'n besondere rol in die gemeenskap, veral met betrekking tot kerk en onderwys, gespeel.

5 Wessel Francois Pretorius

W F Pretorius (brief 15) wat op 18 Februarie 1902 na Indië geskryf het, was 'n ouer halfbroer van J P L Pretorius. Dit is hy wat op Robertson agtergebly het, toe die Pretoriusgesin in 1864 na Calvinia verhuis het, en wat later toggerly het na Transvaal, die wêreld in die Noorde leer ken, en met sy jonger halfbroer, J P L Pretorius, besluit het om hulle by Boshof in die Suid-Vrystaat as boere te vestig. W F Pretorius se kinders uit sy eerste huwelik is tot met die voorlaaste geboorte in 1884 almal op Robertson gebore en gedoop. In 1885 is hy na die plaas Rietfontein, distrik Boshof. In die Anglo-Boereoorlog is hy krygsgevangene geneem en in die Kimberleyse konsentrasiekamp geplaas. Sy tweede vrou is ook na 'n kamp in die Vrystaat geneem. Twee jonger broers van J P L Pretorius was Pieter Gerhardus Petrus ("Oom Piet") en Willem Daniel ("Oom Danie"), albei van Potchefstroom, wat albei as krygsgevangenes na St Helena geneem is. (Kyk prof F J Pretorius: *Die W D Pretoriuswoning, Potchefstroom*).

6 Eleonora Judith Pretorius


Nora Pretorius (brief 18) het Eleonora Judith geheet. Sy was die sesde kind van J P L Pretorius se jonger broer, Willem Daniël (Oom Danie) Pretorius en sy vrou Susanna Petronella Reynecke (Tant Sannie) wat op Potchefstroom gewoon het. Sy is met Donald van der Merwe van die plaas Brondal, Nelspruitdistrik, getroud. "Aunt Nora" na wie sy in haar brief verwys was 'n jonger suster van J P L Pretorius wat met Johannes Hendrik van Eeden getroud was en op Potchefstroom gewoon het. "Oom Piet" na wie sy verwys, was, soos bo gesê, 'n jonger broer van J P L Pretorius wat saam met sy oudste seun, Jan Lodewicus na St Helena gestuur is.

7 Versorging van die tekste

Die taal waarin die briewe geskryf is, is onveranderd behou. Dit toon die stand van die kennis van Nederlands rondom 1899–1902, die amptelike skryftaal van die twee Boererepublieke. Dit was egter nodig om ter wille van die leesbaarheid punktiasie aan te bring, waarin oud en jonk in daardie dae nie juis uitgblink het nie. Die briewe weerspieël die taatgebruik van die tyd asook die Engelse kultuurmode in die Vrystaat, nl om van "antie" of "ant" (d w s "aunt" vir tante), "miss", "mr", "cousin" of "baby" te praat. Dit was blykbaar ook gebruik om iemand "vet" of "dik" te noem as bedoel word dat hy nog fris en gesond is, bv "J(an) en W(essel) zyn nog dik en vet" (brief 4).

8 Die aard van die briewe

Wat opval is die afwesigheid van oorlogsbitterheid en die sterk godsdienstige toon van die briewe waaruit die karakter van die Boerevrou onder die uiterste swaarkry en lyding tevoorskyn kom. Verder gaan die briewe om 'n rapportering oor wie van die bekendes "nog leef" of wie "dood" is, wat toon dat die vrouekampe 'n intense beleving van 'n bitter harde werklikheid was. Die briewe toon die beleving van die kampe van binne-uit, wat ons 'n ander kyk daarop laat kry as die bloot amptelike. Om al hierdie redes regverdig dit hulle publikasie.



Meyburgh 1828 1888



J P L Pretorius, 1842 — 1907



*AGTER: Maria Wilhelmina Pretorius, Petronella Albertina (Nellie) Meyburgh, Martha Elsje Aletta (Mattie) Meyburgh, Helena Maria (Ellen) Pretorius
MIDDEL: Mev Gezina Maria Johanna Pretorius (neé Du Plessis, weduwee Meyburgh)
met kampbaba Hephziba Gezina
VOOR: Gerrit Jacobus Pretorius, Jacobus Johannes Pretorius, Willem Daniel Pretorius, Charl Francois Pretorius.*

1

Geluk,¹
5 Aug 1900

Mrs J Pretorius

Lieve Ouders, wy zyn noch allen wel door de goedheid des Heeren en hoop van u allen het selfde te mogen horen. Mama, ik heef u lieve brief gister eers ontvang. Matthey² haar brief heef ik lang al ontvang, en weer geandwoord. Als die niet zoo lang op pat is als die van Mama, dan moet zy die al ontvang heef. Mama, het is hier maar droog, dit regen elke maal zoo wynig maar toch niet voldoende, myn koren en haver die is prachtig mooi, maar de dam heef niet genoeg water om de gezaaide groot te maak, toch hoop ik op regen. De veld begin ook mooi bod. Mama u kan niet denk hoeveel papa hem voor my opoffer. Een Vader kan niet meer voor zyn eigen kind doen dan Hy voor my. Mama en ingeval ik moet gaan na de Bovenland, dan gaan Papa mede, en omtrend Gerty³ is de allerminst kommer nodig. Zy is gezond en vet. Ik zal haar goed verzorg op Rietgat. Hier is noch een Miss Rensburg ik zal ook zorg dat hier goede menschen blyf. Mama, maar daar is nog niet zukke gedachte by my. Papa wil grach gaan maar niet zonder my, maar ik geloof niet dat het zoo ver zal kom.

Lieve Mama, wy moeten al ons kommer werpen op Hem die gezeg heef kom tot my allen die vermoei en belast is en gy zult rust vinden. Die rust is de Beste terwyl de wereldling die niet ken. Ik heef van Polley⁴ een brief ontvang met haar gaan het, geloof ik, treurig. Zy wil hierheen na my en is ook zoo alleen. Zy schryf my dat zy van de dood van haar Vader een brief gekregen, en van toen noch niets verder. Zoo hoop ik dat zy zal zeker kom, indien er een kans is. Nu zal ik overgaan tot sleuten en hoop de Heer spaar ons opdat wy eens ter zynen tyd weder elkander kan ontmoet en leven, en vrischen mate van gezondheid. Myn hoop en bede is de Heer zei en blyf met u allen en ons hier. Nu na de beste groete blyf ik,

U welwenshende
Kinderen,
Jacoba en Dolley

Ma Gerty wilin niet schryf. Ik heef haar gesmeek maar wil niet

Jacoba

Refugee Kamp
Bloemvontyn
Sipt. 12. 1901:

Den Heer J.L. Pretorius

Lieve papa, door de goedheid van ons lieve Here ben ik weder in staat om aan u een paar regelen te schryven. Ik heef reeds lang uitgezien naar een brief van u. Ik heef ten minste gedag dat bekommernis u zal aansporen om te schryven, maar tot myn spyd moet ik zeggen dat de kinders niet meer wil loop om brieven te vragen. Ons weet niet eens waarheen te schryven, als ik niet van anderen gehoord heef waardat u is. De Heer is goed. Hy heef myn op den een en twintigten Augustus een Dochtertjie geschonken.⁵ Zy is groot en vris, maar erg mager. Zy lyk naar Gerrie.⁶ De kinders is byna allen erg ziek gewees. De menchen zeg het is maar de gewoonte hier. Allen die hier kom, moet eers de kampziekte kryg. Hier is al verschyden die met ons zaamgekome heef, doot, waaronder Piet v. der Wald zyn vrouw, en een kindje van Johannis Fourie⁷ is. Ik is zeer zwak. Het heef myn hart zoo zeer gemaak dat ik gehoord heef dat u zoo treurig was om weg te gaan. Was u dan niet voorbereid daarop? Ik heef het reeds lang geweet dat ons niet zal by elkander wees. Ik heef het u reeds gezeg, nu heef u tyd om allis na te dink. Ik weet ook nog meer, maar wat myn aangaan, ik leg in

Die plaas van Jacoba Margaretha Meyburgh, die oudste dogter van PADE Meyburgh, LV vir Boshof wat voor die Anglo-Boereoorlog met Carl van Aswegen getroud was. Dit is naby Houtenbeckstasie naby Brandfort. Dolley was haar oudste dogtertjie.

2. Kyk Inleiding 4.2: Die tweede oudste Meyburgh-dogter.
3. Die jongste Meyburghdogter wat op 14-jarige ouderdom by Jacoba (Kotie) tydens die Anglo-Boereoorlog op die plaas Geluk aan maagkoors dood is.
4. 'n Vriendin van Jacoba.
5. Kyk Inleiding 4.7: Hephzibah Gezina (Hephie) Pretorius.
6. Kyk Inleiding 4.6: Die oudste seun uit mev G Pretorius se huwelik met JPL Pretorius.
7. 'n Familielid van die bekende Jopie Fourie.

de hand van myn God, zoo als hy doen is Hylig. Zien wy elkander hier niet weder dan weet ik hierna zal geen schyding meer zyn.

Marie⁸ en Mettie⁹ is in de Cattegesasie. Ik hat van zuster Ellie een brief van Kimberly. Nicht Nellie Wessels is reg ziek, ook haar kinders, en zy is ook treurig, wand ook zy heef nog geen tyding van haar man. Net nicht Zielie heef brieven, ook een portret van oom, C. Dink aan myn als u piezangs eet. Ik wensch dat ik de Babie¹⁰ aan u kan wys. Ik moet haar nog laat registreer. Ik wil haar Baka laat doop, het beteken Geween, of zal ik maar wag tot op Boshof? Schryf wat ik moet doen. Ik zal wag met schryven tot ik eers een brief van u heef voor ik weer schryf. De wind waai vreeslyk elken dag. Ik verbeel myn Leydiesmit¹¹ moet een mooi plek wezen niet waar? Ik wensch om het ook te zien. Met goede afwagting blyf ik u altoos aandinkende vrouw. Met beste wenschen en hartelyke groete. De Heer zy met u tod wy elkander weder zien. Geheel de uwe (G. Pretorius)

Ik zend haartjes van baby dan kan papa zien hoe lijk dit

3

Bloemfontein
10/10/1901

Mr. J.P.L. Pretorius
Lieve Vader

Wij hebben u brief ontvang, waarover wij zeer verblyd waren. Papa, met ons gezondheid gaat het maar treurig, want wij zyn maar allen ziek. Nellie¹² is al meer dan een maand ziek, zij wil niets gebruik. Manie Groenewald ze kind is overleden. Nette is in de Hospitaal, zij leg aan die mazels. Aunty Amie ze baby is slecht ziek aan de Inflatie en de ander kinders is allen aan gezond worden van die mazels. Johannis van Aswegen¹³ en nog een van zyn broers is gevangen en nog vele anderen. Johannis zeg Jan en Wessel¹⁴ is nog vet en gezond. Cousin Kate ze baby is ook overleden aan de Inflatie, zij is verschrikkelyk treurig.

Mattie en ik is nog in die Catechisatie, maar wanneer de aannemen zal wees, weet ik niet. Oom Wessel¹⁵ is op Kimberley en Aunty Lenie is by Groot Rivier. Oom Willie van Wijk is in Groenpunt. Papa terwyl ik schrijf, ontvang ma u brief van de 27 September; waaruit wij vernomen dat gij nog wel zyt door Gods goedheid. Baby is al groot en met haar gaan het goed, net zy hoes een bietje. Koos en Willem¹⁶ is verschrikkelyk ongehoorzaam, hulle luister naar geeneen. Pa raai Albert van Lingen is in Krugersdorp, hy heef natuurlyk gaan hands up. Hy zal de 12 October trouw met Miss Combrinck. Dit regen hier byna elken dag, het gaan maar zwaar om kos gaar te krij. Met Oom van der Westhuizen ze famielie gaan het nog goed. Sara werk in de Hospitaal. Met Oom Abram Wessels ze famielie ook nog goed, behalwe Tokkie is in die Hospitaal. Ik weet niet wat de rede is dat Pa nog niet een brief van ons heb ontvang. Ma het geschryf en Mattie ook. Ik heb geen nieuws om te schryven, daar het alles treurig is wat jy aanhoor. Ik eindig met een kus der liefde aan u, ook van Ma en al die kinders en een zoen van Baby.

Blyf ik,
Uw liefhebbende Dochter,
Maria Pretorius.¹⁷

P.S. Baby van Aunty Amie is overleden.

Kyk Inleiding 4.3: Maria Wilhelmina Pretorius, die vierde kind van JPL Pretorius se eerste huwelik.
Kyk Inleiding 4.2: Martha Elsje Aletta (Mattie) die tweede oudste Meyburghdogter, 'n stiefkind van JPL Pretorius.

10. Kyk voetnoot 5 bo.

11. Waar mev G Pretorius se man, JPL krygsgevangene in Natal was.

12. Petronella Albertina Meyburgh, 'n stiefdogter van JPL Pretorius.

13. 'n Broer van Carl van Aswegen, die man van Jacoba Meyburgh, 'n stiefdogter van JPL Pretorius.

14. Kyk Inleiding 4.5: Johannes (Jan) Lodewicus die oudste seun van JPL Pretorius en Wessel Francois, die derde oudste seun uit JPL Pretorius se eerste huwelik.

15. Kyk Inleiding 5: WF Pretorius was 'n halfbroer van JPL Pretorius.

16. Kyk Inleiding 2: Koos, geb 1886, die sesde kind uit JPL Pretorius se eerste huwelik, Willem die jongste kind uit JPL Pretorius se eerste huwelik, gebore in 1889.

17. Kyk Inleiding 4.3: Maria Wilhelmina (geb 1882) die vierde kind uit JPL Pretorius se eerste huwelik.

Den Heer J.P.L. Pretorius

